

Gebrek aan lewende blydschap - hoe oorwin ek dit?

Hoe verkwikkend is dit nie om van iemand te lees wat "sy weg met blydschap gereis" het (vers 39). Wat of wie het hom daartoe in staat gestel? Ons kan dit in één woord saamvat: Jesus Christus. Dit was immers die inhoud van Filippus se boodskap aan hierdie reisiger: "Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word; en soos 'n lam wat stil is as hy geskeer word, het Hy nie sy mond oopgemaak nie" (vers 32). Jesus wat nie opstandig was nie, Homself nie bejammer het nie, die gehoorsame Jesus. Dis die beeld van Jesus wat Filippus hier met dié aanhaling uit Jesaja aan die Ethiopiër voorhou.

Dis eerstens die beeld van iemand wat buig onder die wil van God. Iemand wat sy kruis aanvaar. Die nie-opstandige Jesus. Dit is dan ook die eerste wat jy moet doen as jy blydschap in jou lewe wil ervaar. Laat vaar jou opstand. Opstand frustreer. Dit maak jou depressief.

Tweedens teken dié woorde uit Jesaja 'n Jesus wat Homself nie jammer gekry het nie. Opstand laat jou op die rotse beland, maar selfbejammering lei jou na dryfsand. Jy sak al dieper daarin weg en uiteindelik verstik jy. Selfbejammering verdring blydschap. Derdens teken Filippus met dié woorde die gehoorsame Jesus. Alleen 'n gehoorsame mens is 'n bly mens. Juis toe Jesus gehoorsaam geword het tot die dood aan die kruis, het Hy gesê: "As julle My opdragte uitvoer, sal julle in My liefde bly". Dit sê Ek vir julle sodat my blydschap in julle kan wees, en julle blydschap volkome kan wees" (Joh. 15:10, 11).

Reis jy ook só jou lewensweg met blydschap - sonder opstand, sonder selfbejammering en gehoorsaam aan Christus se opdragte?